OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA
BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c | Donderdag 11 Mei 1978 | WINDHOEK | Thursday 11 May 1978 | No. 3747

INHOUD — CONTENTS

	Bladsy		Page
ONTWERPORDONNANSIE:		**DRAFT ORDINANCE:**	
Wysigingsontwerpordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1978	2	Peri-Urban Development Board Amendment Draft Ordinance, 1978	3

ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,
Windhoek.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

| | Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970, om voorsiening te maak vir die verklaring van 'n gebied ten opsigte waarvan die raad van 'n munisipaliteit wat afgeskaf is, regsbevoegdheid uitgeoefen het, tot 'n buitestedelike gebied; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Vervanging van artikel 36 van Ordonnansie 19 van 1970.

1. Artikel 36 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"[Wanneer 'n dorpsbestuursgebied tot 'n buitestedelike gebied verklaar kan word.

36. Indien 'n dorpsbestuursgebied wat ooreenkomstig die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) of enige wysiging daarvan, vir enige gebied in die lewe geroep is, deur 'n bevel van die Uitvoerende Komitee ontbind en afgeskaf word, kan die Uitvoerende Komitee in dieselfde bevel daardie gebied met ingang van die datum van sodanige ontbinding en afskaffing tot 'n buitestedelike gebied verklaar waarop hierdie ordonnansie van toepassing is. Daarop word die raad die wettige opvolger van die voorheen bestaande dorpsbestuur ten aansien van die pas gestigte buitestedelike gebied en die regulasies vir sodanige dorpsbestuur uitgevaardig bly van krag en van toepassing totdat hulle herroep of gewysig word.]

Verklaring van munisipale gebied of dorpsbestuursgebied tot buitestedelike gebied.

36. (1) Indien —

(a) 'n munisipaliteit gestig of ingestel of beskou as gestig of ingestel ingevolge die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963); of

(b) 'n dorpsbestuursgebied tot sodanig verklaar of beskou as tot sodanig verklaar ingevolge die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963),

deur die Uitvoerende Komitee by proklamasie in die *Offisiële Koerant* afgeskaf word, kan die

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

_____ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in square brackets indicate omissions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970, so as to provide for a declaration that an area in respect of which the council of a municipality which has been abolished, had exercised jurisdiction, shall be a peri-urban area; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Substitution of section 36 of Ordinance 19 of 1970.

1. The following section is hereby substituted for section 36 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970):

"[When a village management board area can be declared to be a peri-urban area.

36. If any village management board area constituted for any area in terms of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) or any amendment thereof, is disestablished and abolished by an order of the Executive Committee, it shall be lawful for the Executive Committee in the same order to declare that from a date of such disestablishment and abolition such area shall become a peri-urban area to which this ordinance is applicable. Thereupon the board shall become the legal successor of the previously existing village management board in respect of the newly created peri-urban area and the regulations made for such village management board shall continue to be of force and effect until rescinded or amended.]

Declaration of a municipal area or Village Management Board Area to be a peri-urban area.

36. (1) Whenever —

(a) any municipality established or constituted or deemed to have been established or constituted in terms of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963); or

(b) any Village Management Board Area declared as such or deemed to have been so declared in terms of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963),

is abolished by the Executive Committee by proclamation in the *Official Gazette*

Uitvoerende Komitee in dieselfde proklamasie die gebied —

(i) ten opsigte waarvan die raad van bedoelde munisipaliteit regsbevoegdheid uitgeoefen het; of

(ii) wat aldus tot 'n dorpsbestuursgebied verklaar was of beskou is as tot 'n dorpsbestuursgebied verklaar te gewees het,

na gelang van die geval, met ingang van die datum van sodanige afskaffing verklaar tot 'n buitestedelike gebied waarop hierdie ordonnansie van toepassing is.

(2) Al die bate en laste, regte en verpligtinge van —

(a) 'n munisipaliteit wat aldus afgeskaf is;

(b) 'n dorpsbestuur wat ingestel was vir 'n dorpsbestuursgebied wat aldus afgeskaf is,

gaan met ingang van die datum bedoel in subartikel (1) oor op die raad en word met ingang van bedoelde datum bate en laste, regte en verpligtinge van die raad ten opsigte van die aldus verklaarde buitestedelike gebied.

(3) Alle regulasies gemaak deur —

(a) die raad van 'n munisipaliteit wat aldus afgeskaf is;

(b) 'n dorpsbestuur wat ingestel was vir 'n dorpsbestuursgebied wat aldus afgeskaf is,

bly in en vir die gebied wat aldus tot 'n buitestedelike gebied verklaar is van krag en van toepassing totdat hulle ooreenkomstig hierdie ordonnansie herroep of gewysig word.".

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1978.

the Executive Committee may in the same proclamation declare that the area —

(i) in respect of which the council of the said municipality exercised jurisdiction; or

(ii) which had been so declared to be, or deemed to have been so declared to be a Village Management Board Area,

as the case may be, shall, with effect from the date of such abolition, be a peri-urban area to which this ordinance is applicable.

(2) All the assets and liabilities, rights and obligations of —

(a) any municipality which has been so abolished;

(b) any Village Management Board established for any Village Management Board Area which has been so abolished;

shall, with effect from the date referred to in subsection (1), pass to the board, and shall, with effect from the said date, become assets and liabilities, rights and obligations of the council in respect of the peri-urban area so declared.

(3) All regulations made by —

(a) the council of any municipality which has been so abolished;

(b) any Village Management Board which had been established for any Village Management Board Area which has been so abolished,

shall continue to be of force and effect in and for the area which has been so declared to be a peri-urban area until rescinded or amended in terms of this ordinance.".

2. This Ordinance shall be called the Peri-Urban Development Board Amendment Ordinance, 1978. Short title.